# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# Bedryf- en organisasiesielkunde 111 (BDO 111)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Programme** | BAdmin Internasionale Verhoudings |
| | BAdmin Openbare Bestuur |
| | BCom Ekon en Bestuurswetenskappe |
| | BCom Menslikehulpbronbestuur |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Alleenlik vir BCom / BAdmin studente
Inleiding tot die bedryf- en organisasiesielkunde
’n Inleiding tot die verskillende denkskole van die sielkunde word gegee met spesiale klem op bedryf- en organisasiesielkunde en laasgenoemde se toepassingsvelde. Die basiese beginsels in die wetenskaplike sistematisering van bedryfsielkundige kennis word bespreek. Die biologiese basis van gedrag word behandel ten einde die grondslag te lê vir die toepassing van ergonomiese beginsels.
Individuele prosesse
In hierdie afdeling word die beginsels van leer soos dit in die werkkonteks voorkom, ondersoek. Die rol van persepsie binne werkverband word behandel deur te kyk na aspekte soos vorm-, diepte-, afstand- en kleurpersepsie. Kognisie, denke, redenering, geheue, kreatiwiteit en besluitneming word behandel. Intelligensie word toegelig en in perspektief geplaas binne die veld van die bedryf- en organisasiesielkunde.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.